Die Stem

So self-aangestelde hoofeun het my onlangs goed geroskam.

My klaarblyklike sonde was dat ek afvallig geword het, en dat my blik van die suiwer polities korrektheid afgewyk het.

Sien, Steve het in Suidwes kom sing, en deel van sy vermaak was dat hy die Stem sou sing. (Anders as ander sangers, sing hy liedjies wat mense wil hoor…) Ek verwys nou na dieselle een wat ons in Suid Afrika voor rugby wedstryde sing. Maar in Suidwes, is “daai lied” aldus die “hoofseun” so welkom soos ‘n drag-queen by ‘n sinode sitting.

In my jeugdige voortvarentheid, waag ek dit toe om te bespiegel dat die Stem nie noodwendig die merk van die Ondier is nie, - net soos Tant Koek se Hoenderhaan nie lesbiese soustannies wie hul hand aan pluimvee boerdery gewaag het, probeer verheerlik nie.

Die Stem is in daai opsig baie soos Hansie Slim. Dis net ‘n gediggie wat gesing word. Dit loof nie Uber Sturmbahn Fuhrer Klaus Von Gatskop se Schutztruppe nefie - die blonde kok, - wie in die slawe se pap geskyt het nie. (Daai klong se naam was Heinz. Met ‘n ‘Z’. En die liedjie gaan regtig nie oor hom nie.)

En Sarie Marais is regtig nie ‘n tong-in-die-kies galgehumor verwysing na Saartjie Baartman nie. Die liedjie sê immers die nooientjie was êrens in die Transvaal – en ek het gaan kyk – daars nie so plek in Europa nie. Daai tyd – voor KULULA - was die Transvaal nog regtig vêr.

So is al die hierbovermelde liedjies – die Stem ook – in daai tydperk gesing. En dele van die Stem word vandag nog gesing – selfs in die openbaar as ons gaan rugby kyk. Vredeliewende mense het dit toe (en nou ook) gesing, ouens wie al ‘n oorlog eerstehands ervaar het, en wie met absolute sekerheid vir koliek babas in die politiek kan vertel: oorlog was *regtig* nie die mensdom se beste plan nie.

Verder is die woorde van die Stem so offensief soos Hansie Slim s’n. Daar staan niks van kom-ons-gaan-moer-hulle, of kom-ons-gaan-jag-hulle-met-Chinese-gewere nie. Maar dit daar gelaat. Iemand het arbitrêr besluit dis die Stem is die Safari suit clan se struggle song, en om dit in Suidwes te sing beteken dat jou KKK ledegeld agter is, en dat dit nou jou heenkome is, tot jy genoeg brannas bottels kan gaan ingee om weer die lidmaatskap op datum te bring.

Toe dink ek – bliksem! Die ouens gee die liedjie nogaal baie energie. En leer hulle niks nie? Gaan vra bietjie vir die huidige bevelvoerder van die almagtige Britse

leer hoe goed dit gewerk het toe hulle vir die Skotte vertel het dat hulle nie O' Flower of Scotland SAL sing nie… Eweneens - toe PW en seuns vir die tuis span loop vertel het dat Nkosi Sikeleli nie gesing sal word nie… En toe wonder ek – is daar nie ander goed om vêr-piepie kompetisies oor te hou nie?

Toe – met daai gedagtegang in my agterkop, dink ek toe weer aan Meneer en Mevrou X!oei, en X!um – die SAN egpaar van net duskant Stampriet van êrens in die verskiet – wie saans saam met hulle spannetjie hulle liedjie gesing het – van die Maan en die diere en die reëns, en sulke goed wat vir hulle mooi was.

Dis onseker of URK, die toonleër-gestrede Neandertal, die party-pooper was, en of dit Klaus Von Gatskop was, maar êrens in die verskiet daag daar toe 'n ongenooide lummel by hul braai op, en verduidelik aan hulle dat hul liedjie net aangehang word deur ouens wie die Suidwes trofeejag industrie met kernwapens gaan begin – en dat die liedjie gevolglik vervang moet word deur 'n ander, polities meer sensitief en vanpaste een.

As dit URK was, wie die braai kom opdonner het, was die nuwe liedjie UNK, UNK, UNK…(hul hele taal het toe uit net ses woorde bestaan, so hulle was maar snoep met woorde); en as dit Klaus was, (die geskiedenis is hier vaag) was dit "Unze Kaizer Ist Schlimmer und vetter dan Deine Stummkopf."

Hoe dit ookal sy, die een liedjie verval toe weens een of ander gekonstipeerde intellektueel se wispelturigheid, en word toe vervang deur 'n ander een. Maar dis nie al nie, die onderliggende boodskap was duidelik: Net slegte boesmans sing Ons Suster, Die Reën.

Dis hier waar die mensdom snaaks raak, en waar manteldraai waarskynlik begin vorm aanneem, en betekenins kry het: Soos Mev X!um toe nog met die gas staan en redekawel, en verduidelik dat sy met die liedjie grootgeword het, kom hul opgeskote (effens eksentrieke) nefie X!kak (dit was blykbaar 'n moeilike bevalling) toe daar aan – kompleet met 'n helm wat hy uit volstruis eierdoppe gemaak het, en waarop hy 'n duiker se horing staangemaak het. En voor iemand WAS IS DAZ? kon roep, (later sou die term 'wat de donner???' word) toe sing hy die nuwe liedjie uit volle bors. Asof hy hom al jare ken.

So klompie jare gaan toe verby, en toe eendag daag Kaas Windvogel ('n vêrlangse agterkleinneef van onse eie Jan Van Riebeek) in die Kaap op, en verklaar dat die VOC se lied nou gesing moet word - op die ganse Afrika kontinent. Tot uitsluiting van al die ander liedjies.

Die SAN reisigers, wie hul moer effe vir ene URK en Klaus in Suidwes gestrip het, en Kolonies toe getrek het, moes toe weer ‘n nuwe liedjie leer, en weer hoor dat net Boesmans met verkeerdekrul kroesies, en fake Brasiliaanse ‘extensions’ die ou liedjie sing - en boonop daarvan hou. Hulle, en swanger plantluise.

Ras-egte, volbloed burgers sou oombliklik ‘n my-bors-gaan-bars-liefde gevoel vir die nuwe liedjie in hul binneste ervaar, so bietjie steier onder die trots en emosie, en dan - sing. Hard en duidelik – met gevoel.

En toe eendag – so klompie seisoene later, toe daag die gesante van Ingilse op, en die proses herhaal homself toe wragtag weer. Op hierdie stadium kon mens die SAN se gatvolgeit al op die Richterskaal lees. Want toe is die nuwe liefde “God Save the King”, mits sy vrou die broek dra, dan’s dit “Queen.”

En weer – nes party mense dit wou oorweeg om die indringers daarop te wys dat die VOC liedjie eintlik oor oorlaaide skippies en hubare, wulpse matrose gaan, was die argument nog nie koud nie, of so opgeskote (effens verfynde) bakvissie kom aangestap – kompeet met passion gap en Union Jack op haar boud getatoeer.

Soos die dawerende stilte van verbasing oor die omstaanders neersak, sing sy toe uit volle bors (beide) “God shave the Queen.” (Hulle het haar later vertel dis ‘save’ – nie ‘shave’ nie, maar dit daargelaat.) Wat beïndruk het, was die ratelslang oorgang spoed vanaf *‘Onze oorlaaide schepen met matrozen o, zo fraai”* (op die deuntjie van Ou Ryperd) na “*God shave the Queen*” (wat steeds nie op ‘n behoorlike deuntjie geskoei is nie). Dit was letterlik millisekondes.

So klompie seisoene later, toe loop kuier so paar boere in Suidwes, en saam met die witblits, boerbeskuit en Rhodesiese twak, neem hulle toe ‘n pens klaviertjie en Krismis wurm saam, waarop Die Stem uitgetokkel kon word. Dit raak toe die liedjie van die uur. Op dierdie stadium het die SAN net mooi genoeg gehad, en sterf toe summier weens onverdunde gatvolheid grootskaals uit, - hulle was immers nie as Pavarotti in die wieg gelê nie.

Toe kom Resolusie 435, en skielik word die ouens wie Suidwes se Wimpy meeste dae van kleefmyne gespaar het, oornag kakbok se vul, en so paar parades en afskeidsbraaie later, toe pak hulle maar hulle rat-packs, go-carts en ratels en beur Suid, terwyl Untag se manne vir die agtergeblewenes verduidelik van die blink toekoms en ware bevryding wat op nou Suidwesters wag.

Met die vertrek van die Kolonies se manne, kom daar toe – onafwendbaar seker - weer ‘n nuwe liedjie – want die Stem is toe oornag effe, uhm.. onvanpas. (Mens kon die SAN se sug van verligting van anderkant die Hiernamaals hoor.)

En soos van ouds, was die ink nog nie droog op die bladmusiek van die nuwe liedjie nie, toe sing ouens hom, en ervaar uitbundige blydskap oor roemryke oorwinnings waarby hulle nie naastenby betrokke was nie (mits dit tel dat hulle in UCT se tweede boomrook debatspan die euwels van kapitalisme en skerppunt setpille gekritiseer het – kompleet met Flower Power t-shirt, blad-hare wat ‘n urang oetang laat bloos, en John Lennon sonbrille.)

Met dit in ag genome, besef ek toe: Hier’s ‘n patroon. Daars vinnige aanpassers en laat aanpassers. (Ek is onbeskaamd deel van laasgenoemde). Daars ouens wie ‘n liefde vir ‘n nuwe politieke meerster kan ontwikkel (en bewys) vinniger as wat die Guptas ‘n comrade tot bekering kan bring. En dis nie al nie: Elkeen – oor bleddie baie jare – wie sy lyf kom hoofseun hou het, het almal om hulle mooi laat verstaan: HIERDIE is die liedjie wat die toets van tyd gaan weerstaan… HIERDIE enetjie gaan gesing en bemin word tot aan die einde van menseheugenis… Mmmmm.

Toe dink ek verder – ek het vir hulle ‘n deftige oplossing: Miskien moet hulle die Chinese volkslied solank leer! Ek is seker Sy Hoogedele, Mnr Dieng Xhipieng (hoof-hoofseun van Wanking provinsie) sal mateloos beïndruk wees wanneer die ou leningtjie se paaiementjie se tjekkie hop, en die Chinese weergawe van die balju die erfdeel - en al die kroonjuwele kom haal. Die sing van die nuwe liedjie, kompleet getof in rooi t-shirt en keppie gemaak van rys stingels, sal daai dag so mateloos vanpas wees!